INHOUD

INLEIDING 1

ONDERWYS

.... Beheerliggaam
....3
.... Onderwyspersoneel
....5
.... Nie-doserende personeel
....6
DFM Ondersteunersklub 7
....Leerlingraad
....8
Verteenwoordigende Raad van Leerders 9
.... Inskrywing en Skoolbywoning
....10
.... Eksamenuitslae 2009
....10
....Olimpiades
....11
Loopbaandae 11

BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

Geestelik

.... Verenigende Christen-Studentevereniging
....12
....Skoolverlaterskamp
....13

Kultuur

Spraakkuns 14
Vasvra 14
DF Applous 15
Skooltydskrif - *Malherbiet* 16
Koor en Musiek 18
ATKV DF Patatters 18
Kultuur Prysuitdeling 2010 19

Matriektoer 21
Matriekdans 22
Noodhulp 22
Bloedskenk 22

Sport
Atletiek 23
Baldans 24
Gholf 25
Hokkie (dogters) 26
Hokkie (seuns) 28
Krieket (seuns) 28
Krieket (dogters) 29
Landloop 30
Muurbal 30
Netbal 31
Rugby 32
Skaak 33
Tennis 33
O.P. Verteenwoordigers 35
Ander Prestasies 36

FINANSIES 40

IN MEMORIAM 41

ALGEMEEN
Gebedsgroep 41
D.F. Malherbe Gedenkweek 41
Dieter Scholtz Beursskema 42

Lees- en Syfervaardighede 42
Studiehulpklasse 42
Duitse Uitruil-skema 43
Herwinningsprojek 43

N DRINGENDE VERSOEK 43

TEN SLOTTE 44

JAARVERSLAG : 2009/2010

1. **INLEIDING**

Sonder vrees vir teëspraak kan gesê word dat 2010 sekerlik een van die mees interessante jare in die onderwys in die algemeen, maar in Hoërskool D.F. Malherbe spesifiek, se geskiedenis was.Die Sokker-Wêreldbeker toernooi in Suid-Afrika met die gepaardgaande Junie-vakansie van vyf weke asook die staatsdiensstakings in die derde kwartaal het gesorg vir landswye aanpassings of ontwrigtings in skole. Ons personeel verdien hier ‘n dankie vir hul toewyding gedurende die stakingstydperk, toe daar slegs op twee dae nie onderrig gegee is nie.

D.F. se jaar sal egter ook onder andere om die volgende redes onthou word:

$ ‘n Begin is gemaak met die lees- en syfervaardigheidskursusse

$ ‘n Nuwe rekenaarsentrum is in gebruik geneem

$ Ná jare se pogings is nuwe skooltruie bekend gestel, en ons voel dis ‘n pragstuk

$ Die kleedkamers by die saal is pragtig opgeknap

$ Die taalbeleid van die skool is ná 55 jaar verander.

Laasgenoemde is sekerlik ‘n dramatiese besluit, en ter wille van die rekord net die volgende:

1. Dalende getalle het gelei tot toenemende druk van die Onderwysdepartement om Engelssprekende leerders in te neem. Ons skool is nie “vol” nie en hulle soek heenkome vir leerders wat nie by ander skole plek kry nie; dus is daar vanjaar weer gevra dat ons Engelssprekende leerders moet inneem.
2. Die Beheerliggaam het toe beloof om die saak te ondersoek.
3. Daar was onder andere ‘n inligtingsvergadering waar mnr. Paul Colditz, HUB van FEDSAS, as spreker opgetree het en vrae beantwoord het.
4. Uiteindelik is meningsopnames onder ouers, personeel en leerders gedoen en die meerderheid in alle gevalle was ten gunste daarvan dat die onderrigmedium van die skool moet verander. Die Beheerliggaam het toe op 20 Mei besluit dat daar ‘n beperkte aantal Engelssprekende leerders in Graad 8 ingeneem moet word, dat dit in daaropvolgende jare ingefaseer moet word totdat ons in 2015 ons eerste Engelssprekende Graad 12's sal hê.

Hierdie is ‘n geskiedkundige besluit wat ‘n proses inlei wat groot uitdagings aan ons almal gaan stel. Ons het egter nie veel van ‘n keuse as om alles in die werk te stel om ‘n sukses hiervan te maak nie.

Genadiglik weet ons dat ons geseënd is met die mense-materiaal

(leerders, ouers, oud-leerders, vriende en personeel) wat DF vorentoe kan vat. Bo alles glo ons dat dié Here wat ons skool nou reeds 56 jaar gedra het ons ook in die toekoms in sy hand sal hou.

Dis dus met laasgenoemde in gedagte dat die volgende jaarverslag aan u voorgehou word. Dis my oortuiging dat u ook onder die indruk hiervan S mense-materiaal en die sorg van die Here S sal kom as u hierdeur lees.

D*aar is net een manier om jou kinders te leer*
om in Christus se voetspore te loop
en dit is om dit self te doen.

S Abraham Lincoln (1809 - 1865)

2. ONDERWYS

2.1 BEHEERLIGGAAM

Een van die sterk punte die afgelope jaar was ‘n stabiele Beheerliggaam met lede wat deurlopend die beste belange van die skool nagestreef het. As voorsitter was die opofferende toewyding waarmee al die lede betrokke was regtig verblydend.

Die span sien tans soos volg daarna uit:

Voorsitter:	Prof. J. Greyling
Onder-voorsitter:	Mnr. S. de Ridder
Sekretaresse:	Mev. R. Scholtz
Tesourier:	Mnr. L. Slabbert
Addisionele lede:	Adv. L. Crouse
	Mnr. C. Doubell
	Dr. D. van Rensburg
Skoolhoof:	Mnr. P. Hauman (ex officio)
Personeelverteenwoordigers	Mnr. D. Bezuidenhout (opvoeders) Me. C. Killian (opvoeders) Mnr. C. Scriven (nie-opvoeders)
Leerderverteenwoordigers:	Christo Marx en Janien Raubenheimer

Dankie aan Alida Senekal en Ruan Koen vir die manier waarop hulle die leerders verteenwoordig het, asook aan mnre. Arno van Wyk en Sakkie Dunn (DFMOK) en mev. Ronel Kotze (OOV) wat as waarnemers waardevolle insette gelewer het. Mnr. Henk Prinsloo is pas gekoöpteer as voorsitter van ‘n nuwe portefeulje wat uitsluitlik verantwoordelik gaan wees vir die bemarking van die skool, terwyl dr. Van Rensburg se bestaande portefeulje slegs op ontwikkeling (borgwerwing) fokus.

Ons kan sonder twyfel sê dat die hele proses aangaande die taalbeleid van die skool verreweg uitstaan as dié saak wat die meeste tyd, oorweging en energie geverg het in die afgelope jaar. Die finale besluit is op ‘n baie verantwoordbare manier teen die einde van die tweede kwartaal geneem, en die volgende aspekte van die proses sal my altyd bybly:

$ die volwasse en konstruktiewe manier waarop alle rolspelers (Beheerliggaam, onderwysers, leerders, ouers en selfs oud-leerders)

insette gelewer het in ‘n emosionele en potensieel plofbare saak;

$ die gesindheid van die personeel wat deurlopend onselfsugtig as leerkragte besin en deelgeneem het;

$ die werklike deursigtige en opregte menier waarop die Beheerliggaam alles in sy vermoë gesoen het om die regte besluit te neem.

Ons eerste Engelssprekende Graad 8 groep het nou ingeskryf, en ek is nog vas oortuig dat D.F. Malherbe as geheel die regte besluit geneem het. Die Beheerliggaam is ten volle bewus daarvan dat 2011 ‘n kritieke jaar vir die skool sal wees en ons doen ‘n beroep op alle betrokkenes om daarvan ‘n sukses te maak.

Terwyl die taalbeleid baie vergaderingstyd geneem het, kon ons voortgaan met baie ander werksaamhede. Dit is onmoontlik om na alles te verwys, maar ek wil graag ‘n paar sake uitlig.

Die Departement van Onderwys het in 2010 weer aan skole ‘n welkome meevaller verskaf deur salarisse vir ‘n aantal beheerliggaamposte te dra. Dit het aan ons die geleentheid gebied om aansienlike bedrae te spandeer by die skool. Die aankoop van ‘n nuwe bussie, asook talle verbeterings op die terrein, was die vrug daarvan. Tans is daar geen teken dat die departement dieselfde in 2011 gaan doen nie, en dit skep opwindende uitdagings vir die komende jaar.

Mev. Mercia Smith, ons ontwikkelingsbeampte, het deurlopend baie hard gewerk om in ‘n moeilike ekonomiese klimaat borge vir die skool te begin werf. Die beplande twee nuwe advertensiemure is ‘n bewys van groot sukses, en ek weet dit is die begin van groot ontwikkelings op hierdie front!

Soos in die verlede is die Beheerliggaam regtig bemoedig deur die positiewe konstruktiewe bydrae van vele ouers op talle gebiede deur die beskikbaarstelling van hulle tyd, finansies, hulpbronne en kundigheid. Ons kan maar net sê dat ons 100 % afhanklik is van hierdie gesindheid om die skool van krag tot krag te neem.

Laastens wil ek lof bring aan ons Skepper vir sy genade en leiding tydens ‘n jaar waarin ons Hom deurlopend nodig gehad het om die skool te dien. Sy teenwoordigheid was tasbaar veral tydens die talle moeilike vergaderings wat gehou is!

(Prof. J. Greyling)

2.2 **ONDERWYSPERSONEEL**

Skoolhoof:		
Mnr. P. Hauman M.Sc., B.Ed.	S	Wiskunde
Adjunkhoof:		
Mnr. T.P.A.L. van Wyk B.A., H.O.D.	S	Afrikaans
Departementshoofde:		
Mnr.E. Erasmus B.Comm.(Ed.), B.Ed.	S	Handelsvakke
Mev. M. Hanekom H.O.D. (Ekon.Wet.), B.Ed. (Hons.)	S	Handelsvakke
Mev. M.A. Odendaal B.Sc., H.O.D.	S	Wiskunde
Mev. P.L. Vosloo B.A.(Hons.), H.O.D.	S	Toerisme
Onderwysers:		
Mnr. D. Bezuidenhout B.A., H.O.D.	S	Engels, Geskiedenis
Mej. A. Bosch B.A.Ed. (Sek.), B.Ed., B.Cur.	S	Afrikaans, Geskiedenis
Mej. E. Brits B.Ed. VOO (NW)	S	Wiskunde, WGL
Mej. A.B. Carstens H.O.D. (Handel)	S	Handelsvakke
Mnr. D.S. Fouché B.A. (Hons.), B.Ed.	S	Afrikaans
Mev. D.A. Griffin N.Dip.Lib. en Info.Sc.	S	RTT
Mev. M.A. Hobson B.A., B.Ed. (Hons.)	S	Drama, Engels
Mej. E.P. Jonker B.A. (Hons.), H.O.D.	S	Geografie, Afrikaans, SW
Mej. C. Killian B.A. (Hons.), H.O.D.	S	Engels
Mev. C. Landman B. Mus.	S	Musiek, K&K
Mnr. A.C. Prinsloo (B.Ed. Kand.)	S	J.O.T.
Mev. J. Raubenheimer B.Prim. Ed., V.D.O (R.O.)	S	Leesvaardigheid
Mnr. A.F. Roets B.Ed. VOO (NW)	S	LW, Wiskunde, WGL
Mev. M. Röth M.Sc., N.G.O.S.	S	Fisiese Wetenskappe
Mnr. L.B. Sangerhaus P.O.D., O.D. (Handwerk)	S	IGO, Tegnologie
Mev. A.M.B. Scholtz B.A., H.O.D.	S	Engels, Afrikaans
Mej. M.E. Scholtz B.A. (Hons.), H.O.D.	S	Wiskunde, Engels
Mnr. M.L. Smith B.A. (Hons.), H.O.D.	S	Lewenswetenskappe, LO
Mev. H.E. Steenkamp M.Mus.,ODMS, UVLM	S	Musiek, SW
Mev. J.E. Theron B.A. (Hons.), H.O.D.	S	Engels
Mnr. M.Z. van Zyl B.A., H.P.O.D.	S	Lewenswetenskappe

Mev. M. Visser B.Huish. (Ed.)	S	Verbruikerstudies, Tegnologie

Aan die begin van die jaar het ons die volgende nuwe personeellede verwelkom: Mnr. D. Fouché (Afrikaans, in die plek van mev. Rutherford), mevv. C. Mayne (Engels, nuwe deeltydse pos), J. Raubenheimer (Leesvaardigheid, nuwe deeltydse pos) en L. Stander (JOT, in die plek van mev. Du Plessis). Mev. L. Stander het 'n pos by 'n laerskool op Despatch gekry en het ons aan die einde van die derde kwartaal verlaat. In haar plek het ons mnr. A. Prinsloo aangestel (Beheerliggaam-besoldig). Mev. Mayne het ook 'n ander pos gekry en in haar plek kon ons mev. J. Theron aan die begin van die derde kwartaal aanstel.

Die departementshoof-pos wat deur mev. McFarlane beklee is is nog steeds nie gevul nie aangesien geen Bulletins verskyn het nie. Mev. Odendaal het in dié pos waargeneem.

Saam met ons dank aan mev. Stander vir die mooi werk wat sy hier gedoen het, wil ons ook dankie sê aan mev. Mayne asook aan mevv. R. Myburgh en I. Strydom, wat afgelos het in die plek van persone wat met verlof was.

Die departementele "groeiposte" wat vir 2009 aan ons toegeken is, kon vanjaar behou word S dit het weer eens 'n aansienlike besparing meegebring. Ongelukkig is daar nog groot onsekerheid of en vir hoe lank ons hierdie tydelike poste sal kan behou.

2.3 **NIE-DOSERENDE PERSONEEL**

Die span lyk tans soos volg:

Sekretaresse:	Mev. A.C.E. Dunn
Boekhoudster:	Mev. M.A. Nelson
Administratiewe Assistente:	Mev. F. Keyter
Sport-organiseerder:	Mnr. C. Scriven
Bibliotekaresse:	Mev. Z. Keyser
Bemarker:	Mev. M.L. Smith
Voorman:	Mnr. H. Potgieter

Terreinwerkers/Skoonmakers:	Mnr. L. Tokulu Mnr. V. Twenty Me. C. Makeleni Me. M. Lose Mnr. S. Mgqebesa

Laasgenoemde is in Oktober aangestel om spesifiek vir die kleedkamers en die terrein te sorg. Baie dankie aan mev. Marinda Slabbert, een van ons ouers, vir haar onbaatsugtige hulp met die finansies en die klerebank!

2.4 **DFM ONDERSTEUNERSKLUB**

Ons het in 2010 weer die voorreg gehad om enkele behoeftige leerders finansieel te kon ondersteun. As gevolg van die huidige ekonomiese omstandighede waarin ons is, het dit ook swaar gegaan met die DFMOK.

'n Verdere bekommernis is die nie-betrokkenheid van ouers. Ons as DFMOK-lede sal in 2011 'n poging aanwend om lede te werf en om ouers betrokke te kry by die DFMOK aktiwiteite.

My dank aan die komiteelede wat in 'n baie besige jaar hulle kosbare tyd opgeoffer het vir die DFMOK.

(Mnr. Sakkie Dunn)

OOV: Die OOV het tydens 2010 'n nuwe fase betree deur 'n fees op die skoolterrein op 24 September aan te bied. Hierdie fees van kos, musiek, sport en pret sal hopelik 'n instelling op die DF kalender word. Skud Tember S kom erf jou stukkie Afrikaans S is vir blootstelling van die skool in samewerking met verskeie gemeenskapspelers, bv. kerke en liefdadigheidsorganisasies, ingestel.

Die komitees van beide die DFMOK en OOV het hierdie jaar 'n gedugte span wat deurentyd blymoedig tydens Interskole, tuiswedstryde en die Gedenkweek gewerk het, gevorm. Die dames en mans het bewys van watter staal hulle gemaak is en hulle het altyd positief deur uitdagende omstandighede gebly.

As voorsitter was dit 'n eer om saam met die groep ouers te werk.

S Henry Ford

(Mev. R. Kotze)

2.5.1 **LEERLINGRAAD**

Die leerlingraad van 2009/2010, onder leiding van Ruan Prinsloo en Meake Brown (hoofleiers) en Gerhardus Röth en Annika Theron (onderhoofleiers), het n uiters geslaagde ampstermyn beleef. Groot waardering is deur almal, personeel, ouers en leerders, uitgespreek vir die verantwoordelike wyse waarop hierdie span hulle pligte aangepak en deurgevoer het.

Aan die begin van hulle ampstermyn het die span Staatmakers ‘n opleidingskamp by ‘n natuurkamp in Kraggakamma bygewoon waartydens almal mekaar goed leer ken het. Aspekte soos Samewerking, Probleem-oplossing, Prefekteraad-funksionering, Kommunikasie, Konflikhantering, Groepmoreel en -klimaat is behandel. Die hoofleiers het aan die einde van 2009 ‘n simposium (gereël deur die ATKV) bygewoon. Hierdie opleidingsgeleenthede het as grondslag vir ‘n baie suksesvolle diensjaar gedien .

Groot moeite is deur die Staatmakers gedoen om die nuwe graad 8-leerders tuis te laat voel en hulle ten opsigte van die hoërskool te oriënteer. Ander verantwoordelikhede van die Staatmakers sluit in: hulp met dissipline, die reël van saalbyeenkomste, die byhou van n verjaarsdag- en plakboek, die daaglikse hys en stryk van die lands- en skoolvlag, die byhou van datums en kennisgewings op die kennisgewingborde, skakeling tussen personeel en leerders en met ander skole, ens. Die span het ook gesorg dat daar weekliks vars blomme in die skool se voorportaal pryk en met Lentedag is elke personeellid met ‘n ruikertjie verras. Rondom Valentynsdag het hulle sommer ‘n hele rits projekte aangepak. Hulle reëlings vir die geesbou tydens Interskole was ook uitstekend en oorspronklik. Verder is baie groot moeite gedoen om te sorg dat ons skoolhoof ‘n onvergeetlike verjaardag gehad het.

Hierdie Staatmakerspan het op vele terreine en by verskeie geleenthede die skool se naam hoog gehou en met groot eer gedien. Ons eer hulle daarvoor en dank hulle opreg vir hulle onbaatsugtige diens aan die skool en gemeenskap.

Ons kan opreg trots wees op so n span!

Die Staatmakerspan het uit die volgende lede bestaan:

Amari Annandale	***Ruan Koen***
Meake Brown	***Marco Markgraaff***
Liaan Buys	***Ruan Prinsloo***
Lisé Crouse	***Janien Raubenheimer***
Tanielle Crouse	***Ryno Rautenbach***
Elandré Dalton	***Gerhardus Röth***
Stefan de Jager	***Alida Senekal***
Nikki de Ridder	***Joné Smith***
Elizabeth du Toit	***Annika Theron***
Aleesha Gerber	***Coenie van den Heever***
Annette Greyling	***Raynard van Gend***
Marlise Keller	***Juandré van Heerden***
Karien Knoetze	***Pieter van Wyk***

(Mnr. E. Erasmus en mev. P. Vosloo)

2.5.2 **VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS**

Die VRL het die afgelope jaar 'n redelike bedrywige jaar gehad. Onder hulle leiding is die langverwagte moulose skooltrui goedgekeur, bestel en aan leerders beskikbaar gestel. DF-leerders spog voorwaar met die pragtige trui. Hulle was ook verantwoordelik vir die meningsopname wat onder leerders gedoen is om hulle gevoel teenoor die verandering van D.F. Malherbe se taalbeleid te toets.

Baie dankie aan elke VRL-lid, en in die besonder aan die bestuur, vir julle bydrae deur die afgelope jaar.

(Mev. M. Röth)

J*ou praat moet beter wees as jou stilbly.*

S Namakwalandse spreekwoord

2.6 **INSKRYWING EN SKOOLBYWONING**

Die onderstaande gegewens toon ons gemiddelde inskrywings en die skoolbywoningsyfer.

	2006	**2007**	**2008**	**2009**
Gemiddelde inskrywing	586	566	552	534
Persentasie bywoning	95,2 %	96,4 %	95,3 %	96 %

(Mnr. A. van Wyk)

2.7 **EKSAMENUITSLAE 2009**

Graad	**Aantal kandidate**	**Aantal druipelinge**	**Slaagpersentasie**
8	107	12	88,8 %
9	100	6	94 %
10	118	5	95,8 %
11	94	2	97,8 %
12	115	1	99,1 %
TOTAAL:	**534**	**26**	**95,1 %**

Die graad 12-klas van 2009 het, soos hul voorgangers, weer eens puik presteer in die Nasionale Senior Sertifikaateksamen. Van die 115 kandidate wat die eksamen afgelê het, het 12 met ‘n A-totaal geslaag: Marné Nel, Genevéve Deyzel, Willem Naudé, Marcelle Hattingh, Jeannè Scholtz, Ruben van Staden, Jani van Wyk, Nicola Alberts, Jason Miskin, Emma Kotze, Leoni Davis en Jacomien Hauman.

76 kandidate (66 %) het geslaag met toelating tot die Baccalaureus Graad-, Diploma- of Hoër Sertifikaatstudie. 37 (32 %) kandidate het met toelating tot ‘n Diploma- of Hoër Sertifikaatstudie geslaag. 1 kandidaat het met toegang tot Hoër Sertifikaatstudie geslaag en slegs 1 kandidaat kon nie die eksamen suksesvol aflê nie.

Die klas van 2009 het beslis D.F. Malherbe se naam as top akademiese skool gestand gedoen! Wel gedaan!

(Mnr. A. van Wyk)

2.8 **OLIMPIADES, ENS.**

2.8.1 **Harmony Gold Wiskunde Olimpiade**: Die volgende leerders het na die tweede rondte deurgedring: Joné Smith en Liesbet du Toit (wat beide onder die 100 bestes van die provinsie geëindig het), Clifford Alberts, Toshka Barnardo, Liaan Buys, Lize Marié Coetzee, Martin Ellis, Cornelius Greyling, Pierre Hulsman, Léan Kilian, Gerhardus Röth en Llewellyn van den Berg.

NMMU/Amesa Wiskunde Kompetisie: Nege van ons leerders het na die finaal deurgedring en die volgende uitslae is behaal: Lize Marié Coetzee en Simorné Strauss (Blou), Toshka Barnardo en Charl Coetzee (Silwer) en Cornelius Greyling (Platinum). Baie geluk!

2.8.2 **Wiskundige Geletterdheid Olimpiade**: Die volgende leerders het aan hierdie Olimpiade deelgeneem en silwer sertifikate (70 - 79 %) ontvang: Gregory Oberholzer en Juan Scholtz. Emile Pienaar en Jaques le Roux het brons sertifikate verwerf.

2.8.3 **Wêreldkennis-Olimpiade**: Dertien leerders het in 2010 deelgeneem. Cornelius Greyling het die hoogste punt met 70,6 % behaal.

2.8.4 **De Beers English Olympiad**: Lizé de Jager en Marizanne Pienaar het in 2010 aan die landswye kompetisie vir Graad 10 tot 12 leerders deelgeneem. Die doel van die Olimpiade is om leerders te verryk deur middel van die studie van letterkunde wat nie deur die skoolsillabus gedek word nie. Lizé het ‘n brons sertifikaat en Marizanne het ‘n meriete sertifikaat verwerf.

2.8.5 **Minquiz-vasvra**: Karien Knoetze, Joné Smith en Gerhardus Röth het die derde plek verower in die Platinum-afdeling. Hulle het meegeding teen 40 topskole van Oos-Londen, Grahamstad en Port Elizabeth omgewing. Wat dit meer merkwaardig maak is dat hulle die vrae wat oor Wetenskap, Wiskunde, Tegnologie en Geografie gestel is in Engels moes beantwoord. Die vasvra word geborg deur Mintek.

2.9 **LOOPBAANDAE 2010**

Loopbaandae bly ‘n effektiewe wyse om inligting oor ‘n wye spektrum beroepe aan graad 11 en 12 leerders oor te dra. Sodoende kan leerders bygestaan word in die uitdagende taak om ‘n beroepskeuse te maak.

Gedurende die eerste kwartaal het die *Rocking Future Road Show* aan veral die graad 11 en 12 leerders wat plaaslik wil gaan studeer die geleentheid gebied om met verskillende plaaslike instansies, asook ‘n paar ander, te gesels.

Die graad 11 leerders het op 11 Maart die Inkanyesi loopbaandag in die Veremarksentrum bygewoon. Leerders het ook die geleentheid gehad om NMMU se opedag by te woon.

Gedurende die jaar het verteenwoordigers van die universiteite van Stellenbosch, Vrystaat sowel as Noordwes (Potchefstroom) die leerders kom toespreek oor studie-moontlikhede sowel as beursgeleenthede by die onderskeie universiteite.

Leerders is gedurende die jaar bygestaan deurdat voorligting aan hulle deurgegee is sowel as enige inligting aangaande beurse waarvoor leerders kon aansoek doen.

Leerders is aangemoedig om verskeie instansies se opedae by te woon om sodoende kennis oor verskillende beroepe in te win.

(Mev. M. Odendaal)

3. **BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE**

3.1 **GEESTELIK**

3.1.1 **DIE VERENIGENDE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING (VCSV)**

DF se VSCV tak het weer eens ‘n geseënde jaar beleef. Tydens die jaarlikse bestuurskamp te Stormsrivier het die bestuur duidelik leiding ontvang dat die fokus vanjaar op die opbou van kringe en uitreik na leerders binne die skool moet val.

In die eerste kwartaal is ‘n kringleierskamp onder leiding van Derek Jacobs te Waverley Hills gehou. Ons het ook ons takkamp met 130 leerders by Zuurberg gehou. Dankie aan die ouerpare Annandale en

Brown vir die heerlike kos! Die Paas-koffiekroeg aan die einde van die eerste kwartaal is deur ongeveer honderd lede bygewoon en was ‘n besonderse ervaring.

In die tweede kwartaal was ons jaarlikse VCSV basaar op 30 April ‘n reuse sukses. Dit is elke jaar ‘n belewenis om te sien met hoeveel ywer lede en ouers die stalletjies organiseer en beman. Baie dankie daarvoor! Ons wins het die mooi bedrag van R9 880 beloop.

In Mei het ons VCSV tak ‘n avontuurkamp vir 60 leerders van Laerskool Fontein gereël en betaal. Volgens verslae was die ervaring saam met die VCSV diensjaarspan wonderlik.

Tydens die derde kwartaal is alle Christene in DF deur die VCSV uitgedaag om deel te neem aan *LAN (Local Area Network) Challenge* van een week waardeur op verskeie maniere op ‘n persoonlike vlak na DF se leerders en personeel uitgereik is. Dankie aan die bestuur van 2010 onder leiding van Joné Smith vir die harde werk wat in verband hiermee gedoen is.

Tydens die Septembervakansie het sestien voornemende kringleiers ‘n baie geseënde leierskamp te Jeffreysbaai bygewoon. Hul getuig dan ook van ‘n waarlik verrykende ervaring.

Ons jaarlikse wakkerbly vanjaar het aangesluit by die *LAN Challenge* en fondse is ingesamel vir Geopende Deure se werk ten bate van vervolgde Christene in Nigerië. Gereelde gebedsgeleenthede is op Woensdae tweede pouse gehou vir onder andere Nigeriese Christene.

Die jaarlikse matriekafskeid met die tema KONINGSKINDERS is deur almal wat dit bygewoon het as besonders beskryf. Dankie aan die nuwe kringleiers vir al die moeite gedoen om van die aand ‘n sukses te maak.

Dankie aan mevv. Stander, Röth en Odendaal en mnre. Roets en Prinsloo vir al die ondersteuning en harde werk.

(Me. M. Scholtz)

3.1.2 **SKOOLVERLATERSKAMP**

Die gebruiklike skoolverlaterskamp is gedurende die Junie-vakansie by Jeffreysbaai gehou. Matrieks van regoor die Oos-Kaap het bymekaar gekom. Dit is jammer dat daar weer vanjaar so min Malherbiete hierdie besonderse kamp kon bywoon. Dit bly ‘n wonderlike verrykende ervaring.

***D**ie enigste mense wat in hierdie lewe 'n verskil maak,*
is dié wat die dinge waarin hulle glo, begin uitleef
nog vóórdat 'die regte oomblik' daarvoor aanbreek.
Wat óns as 'die regte oomblik' beskou, kom nooit nie.

S C.S. Lewis (1898 - 1963)

3.2 **KULTUURVERENIGINGS**

Die deelname van so □n groot aantal DF leerders aan ons kultuur-bedrywighede is in hierdie dae van vervlakkende waardes □n riem onder die hart. Hul positiewe ingesteldheid en entoesiasme het tot baie mooi prestasies gelei.

3.2.1 **SPRAAKKUNS**

Soos so dikwels in die verlede was 2010 'n jaar vol opwinding vir die Redenaars- en Debatsvereniging.

'n Opleidingsgeleentheid is vir nuwe redenaars aan die begin van die jaar gehou.

Tydens die eerste rondte van die ATKV-Nasionale Redenaarskompetisie het Christene du Toit aan die senior kompetisie deelgeneem.

Heather Baartman, Lize Marié Coetzee, Jeandré Els, Mercy Kannemeyer en Gerrit Scholtz het ons in die junior kompetisie verteenwoordig. Mercy het tot die interprovinsiale rondte deurgedring en die Oos-Kaap teen die Suid-Kaap verteenwoordig.

Mej. Bosch het ook vier keer as hoofbeoordelaar in die Oos-Kaapse rondte opgetree.

Drie juniorspanne het aan die ATKV-Nasionale Debatkompetisie se streeksuitdunne deelgeneem. Talita Booyens, Roelien Redelinghuys en Chris Hattingh was 'n inleidende span en het hulle goed van hulle taak gekwyt. Die ander inleidende span, bestaande uit Debrê Scheepers, Amaryne Buys en Jan-Stephan Scholtz het hul debat gewen. Die opponerende span, naamlik Klara Lategan, Mercy Kannemeyer en Lize Marié Coetzee het nie net hul debat gewen nie, maar is ook as algehele wenners aangewys. Hulle het as O.P.-Kampioene met groot sukses teen die Suid-Kaap opgetree.

(Mej. A. Bosch)

3.2.2 **VASVRA**

DF het ongelukkig tydens Interskole die knie teen Nico Malan gebuig. Twee spanne het ook deelgeneem aan die *Varsity College Quiz* en het gemengde welslae behaal.

Die Algemene Kennis trofee is tydens die Akademiese prysuitdeling aan Henri D'Assonville oorhandig. 'n Spesiale toekenning is tydens die Kultuurprysuitdeling aan Carina Scheepers oorhandig vir vier jaar getroue deelname aan Vasvra.

(Mej. C. Killian)

Bybelvasvra: Die klasse het verteenwoordigers op grond van Bybelkennis gekies. Hierdie vasvra het veral gegaan oor gedeeltes wat in die klas gelees is.

Daar was hierdie jaar twee bane S die groep in die saal en dan die res van die klas. Die klasgroep het dan 'n makliker vasvra gekry.

Dit was 'n poging om meer leerders aktief by die vasvra te betrek. Die algemene gevoel is dat dit geslaagd was.

(Mej. E. Jonker)

3.2.3 **DF APPLOUS**

2010 S 'n Jaar vir nuwe belewenisse. So ook op DF se toneelfront. Tyd en koste het geverg dat daar buite die boks gedink moes word, tog het die leerders die sentrale fokus gebly. DF-leerders se talente het gelei tot die skepping van *Die Skouspel: Die Vlug*. Ongeveer negentig leerders het gehore twee aande bekoor met hulle energieke vertolkings. Die leerders betrokke by die tegniese aspek was voorwaar professioneel. Die leerders se merkwaardige talente en toewyding in sang, dans, vertolking van poësie, fisiese teater, toneelspel en musiek het gesorg vir 'n baie genotvolle en professionele produksie. Die terugvoer van die gehoor was baie positief, so ook dié van die kritikus Bob Eveleigh. DF het ook uitgereik na bejaardes deur hulle uit te nooi na 'n oggendvertoning. Hulle het dit ontsaglik waardeer en geniet. DF is baie dank verskuldig aan die ouers vir hulle positiewe bydrae tot die produksie. Opregte dank aan mev.

Landman, mej. Bosch en mnr. Fouché vir hulle aandeel. Tydens die Gedenkweek in Mei het leerders ‘n kort program opgevoer.

Vroeg in die jaar het Amari Annandale en Louis Keyter hulle voorberei vir die Stad Kaapstad Toneelspel-kompetisie vir Hoërskoolleerders. Beide is gekeur om aan die finale rondtes by die Kunstekaap Teater in Kaapstad deel te neem. Dit was ‘n puik prestasie, want meer as 500 leerders het deelgeneem en slegs sestig is gekeur.

Die toneelstuk *Vlerke*, wat deel gevorm het van *Die Skouspel: Die Vlug*, het aan die ATKV-Toneelfees deelgeneem. Die doel was om die agtien leerders wat aan die eenbedryf deelgeneem het blootstelling aan dié tipe kompetisie te gee. Die Oos-Kaapstreekfees het aan die begin van Augustus plaasgevind. Agt toneelstukke is deur vyf skole opgevoer. Ná die eerste opvoering het die akteurs ‘n brons toekenning gekry vir hulle ensemble spel. Darné Claassen het ‘n brons sertifikaat vir toneelspel verower. Die groep het toe na die finale rondte deurgedring. Hulle energieke en gepoleerde opvoering het hulle die tweede plek in die Oos-Kaapstreekfees laat behaal. Die akteurs en tegnici het silwer sertifikate verwerf met dié prestasie. Wel gedaan!

Die volgende leerders is genomineer vir die *Showtime Junior Awards 2010*: Darné Claassen, John-George van Eck, Claudia Jones, Carl Barnard, Simoné Swart, Alida Senekal, Simoné Trytsman en Zenobia Jentels. Mev. Hobson, mev. Landman en H. Horowitz is ook genomineer vir onderskeidelik regie, musiekleiding en dans choreografie. Een van ons ouers, ds. Danie Matthee, is vir beligting genomineer. Ons sien uit na die glansaand in Januarie 2011.

Danica Loock, Mercy Kannemeyer, Talita Booyens en Carice Meyer het aan die *South African English Drama Teachers' Festival* hier in Port Elizabeth deelgeneem. Hulle kreatiewe programme en sterk vertolking het vir hulle goue toekennings laat verower.

Vanjaar is leerders se toneelervaring verskerp deur verskeie toneelopvoerings by te woon. Dit het gestrek van ‘n buitelug Shakespeare opvoering van *Othello* tot ‘n Afrikaanse komedie *As die kat weg is* deur PEAAT.

As deel van die finale Graad 10 Dramatiese Kunste praktiese eksamen skep die leerders hulle eie kinderteater toneelstukke. Alle aspekte van die opvoering word deur die leerders self beplan, gerepeteer en opgevoer. Twee toneelstukke is vir die Junior Fase van Laerskool Setlaarspark opgevoer. Dit was inspirerend om te sien hoe die aspirant akteurs die jong gehoor met hulle werk betower. Hierdie Malherbiete het DF se naam met

trots na buite gestraal. Dankie aan die ouers vir hulle ondersteuning in dié projek.

Buite skool neem leerders ook deel aan toneel. So het Amari Annandale 80 % en Simoné Swart 89 % behaal in die Trinity College eksamen (Grade 8 en 6 onderskeidelik).

Amari Annandale het ook DF se naam hoog gehou vir haar deelname in *Showtime*.

2010 was ‘n vars, vol en feestelike jaar op drama-gebied.

(Mev. A. Hobson)

3.2.4 **SKOOLTYDSKRIF : *MALHERBIET***

Die skooltydskrif *Malherbiet* het ‘n besondere jaar beleef. ‘n Baie hoë joernalistieke standaard is gehandhaaf en opwindende vernuwing ten opsigte van die inhoud en tegniese prosedures het plaasgevind.

Die grootste verrassing was egter dat *Malherbiet* as die beste skooltydskrif in die Nasionale Skoolkoerant Projek, aangebied deur Media 24, gekroon is! En dit met ons heel eerste probeerslag. Dit is 'n bewys van die redaksielede en personeel se toewyding, kreatiwiteit en harde werk.

Die redaksiekamp by Seaview het as opleidings-, beplannings-, en motiverende geleentheid gedien. Volgens tradisie is die kamp met ‘n braai saam met die ouers afgesluit.

Die Valentynsbal was sowaar ‘n spoggeleentheid met die tema *Dancing in the Moonlight*. Die spannende Voorafnooi-aande en die opwindende Voorbladnooi en Mnr. Heinz-DF-kompetisie was glansaande en uiters suksesvolle fondsinsamelingsgeleenthede. Die volgende wenners is gekroon: Mnr. Heinz-DF S Hilton Nel (derde plek), Stephan Cloete (tweede plek) en Armand Korf (Mnr Heinz-DF 2010); Voorbladnooi S Janien Raubenheimer (tweede prinses), Darné Claassen (eerste prinses) en Marlise Keller (Voorbladnooi).

Sonder die hulp en harde werk van elke redaksielid se ouers en die ondersteuning van sakelui uit die gemeenskap sou *Malherbiet* nie kwartaalliks kon verskyn nie. Aan hulle ‘n besondere woord van dank.

Aan elke leerder wat met soveel entoesiasme, ywer, toewyding en

kreatiwiteit op die redaksie gedien het, ons opregte dank en waardering. Hulle was: Verspreiding: Stefan de Jager en Clarissa Marais; Funksie-koördineerder: Ilse Volmer; Rekenaars: Martin Stolk en Wiehan Janse van Rensburg; Advertensies en Bemarking: Tiani Wilken en Robbie Taylor; Fotograwe: Carina Scheepers en Megan Badenhorst; Illustrasies: Jessica Victor; Nuusredaksie: Janel Coetzee, Cornelius Greyling, Elzaan Goosen, Jeanroux Horn, Lindy Janse van Rensburg, Marizanne Pienaar, Alida Senekal, Joné Smith en Lee-Ann Smith; Kultuurredaksie: Luané Buys, Darné Claassen, Jolene Davis, Lizé de Jager, Christene du Toit, Marizanne Kruger, Renate van Rensburg en Ilse Volmer; Sportredaksie: Leigh-Ann Bain, Carl Barnard, Toshka Barnardo, Janien Raubenheimer, Maryna Slabbert, Eduan Troskie en Rozaan van Winkel; Subredakteurs: Nikki de Ridder (Sport), Talana Matthee (Nuus) en Lisé Crouse (Kultuur); Redakteur: Liesbet du Toit.

'n Groot en opregte dankie aan die volgende personeellede vir hul harde werk en ongelooflike spangees: mevv. M. Scholtz, D. Griffin, C. Landman, mejj. M. Scholtz, C. Killian.
(Mej. A. Bosch)

3.2.5 **KOOR EN MUSIEK**

Die volgende leerders was vanjaar DF se verteenwoordigers in die Oos-Kaapse Jeugkoor: Jolene Davis, Jancke Muller en Sasha-Lee van Heerden. Cheswin Lottering het DF in die Oos-Kaapse Kinderkoor verteenwoordig.

Kabaret: *Silhouette* het 'n baie opwindende jaar agter die rug en het by verskeie geleenthede opgetree. Hulle het onder andere die voorprogram vir Andriëtte Norman se optrede tydens die Gedenkweek gedoen, by Seesig Gemeente asook NG Kerk Sonheuwels se oggendtee vir bejaardes gesing en by D.F. Malherbe se Skudtemberfees opgetree.
Verder het ons matrieks, Jancke Muller, Zenobia Jentels en Alida Senekal, ons vir oulaas bekoor met hul sang tydens die Kultuurprysuideling. Baie sterkte word aan hulle toegewens. Baie dankie vir almal se harde werk en ondersteuning die afgelope jaar! Dit word opreg waardeer.

(Mev. C. Landman)

Eksamens: Die volgende leerder het haar musiekeksamen geslaag: Nina

Dippenaar S Unisa graad 4 prakties (klavier). Ons is trots op haar!

(Mev. E. Steenkamp)

3.2.6 **ATKV DF Patatters**

Die ATKV Patatters was die afgelope jaar weer ‘n bedrywige spulletjie gewees. Ons fokus hierdie jaar was onderwysers. Op Valentynsdag het ons die onnies bederf met ‘n soet dingetjie en ‘n paar gevleuelde woorde en op ons eie onnie bederfdag het ons ook aan elkeen van hulle ‘n doos sjokolade gegee.

Die hoofprojek vir die jaar was egter ons Afrikaans week. Deur die week het ons lekker Afrikaanse musiek gespeel, ‘n prettige pannekoek en pasteitjiedag gehad en natuurlik die groot sokkie.

Die tak het groot planne vir die komende jaar waarvan ‘n moontlike lentebal net een is.

(Nikki de Ridder)

3.2.7 **KULTUURPRYSUITDELING 2010**

REDENAARS:		
J.H. Visser-beker vir beste junior redenaar		
Mercy Kannemeyer		
D.C. de Villiers-beker vir beste senior redenaar		
Christene du Toit		
Meriete	S	Mercy Kannemeyer
DEBAT:		
Erekleure	S	Lize Marié Coetzee, Mercy Kannemeyer, Klara Lategan
TONEEL:		
D.F. Applous-beker vir beste ondersteunende aktrise		
Darné Claassen		
D.F. Applous-beker vir beste ondersteunende akteur		
Cornelius Greyling		
Mev. K. Barnard-beker vir beste aktrise		
Amari Annandale		
Mev. B. Strydom-beker vir beste akteur		
Louis Keyter		
Meriete	S	Amari Annandale, Jessica Barnard, Leigh-Ann Bain, Monique Barnard, Talita Booyens, Meake Brown, Darné Claassen, Nikki de Ridder, Alet du Toit, Lutske Doubell, Cornelius Greyling, Pierre Hulsman, Lindy Janse van Rensburg, Rochelle Jindela, Amoré Jordaan, Kelly Jordaan, Mercy Kannemeyer, Marlise Keller, Louis Keyter, Schalk Kotze, Jaques le Roux, Marco Markgraaff, Christo Marx, Talana Matthee, Carice Meyer, Joné McLeod, Karlien Nell, Marizanne Pienaar, Janien Raubenheimer, Chanté Rossouw, Carina Scheepers, Maryna Slabbert, Donique Smit, Simoné Swart, Annika Theron, Sasha-Lee van Heerden, Pieter van Wyk
BALLET:		
Fourie Wisselbeker vir ballet		
Simoné Swart		

BALDANS:		
Pre-Brons	S	Clifford Alberts, Sonja Alberts, Heather Baartman, Monique Barnard, Carla Bonthuys, Melandi Booyens, Talita Booyens, Lize Marié Coetzee, Arutha Edwards, Tiaan Engelbrecht, Chris Hattingh, Lesley Irving, Lindy Janse van Rensburg, Klara Lategan, Anrich Muller, Roelien Redelinghuys, Louis Schellink, Jan-Stephan Scholtz, Symoné Steyn, Divan Stroebel, Joanné Swart, Marlo Weich, Jeanine Wiese, Chantelle Wiese
Brons	S	Monique Barnard, Chanté Bellingan, Armand Coetzer, Kim Harris, Chante Herselman, Mercy Kannemeyer, Corné Labuschagne, Chrizelle Loots, Karlien Nell, Gregory Oberholzer, Marizanne Pienaar, Gerrit Scholtz, Magen van der Merwe, Muller Wiese
Silwer	S	Mariné Claassen, Lirene du Toit, Marnus Dunn, Zelda Kotze, Bianca Liebenberg, Karlien Nell
Meriete	S	Janel Coetzee, Nikki de Ridder, Claudia Jones, Carina Scheepers, Martin Stolk, Ilse Volmer
Sertifikaat vir besondere prestasie gelewer tydens Interskole Baldans		
Louis Schellink en Roelien Redelinghuys, Clifford Alberts en Symoné Steyn, Divan Stroebel en Nina Dippenaar		
Baldans-wisseltrofee vir die hoogste punte in die eksamen behaal		
Mariné Claassen, Claudia Jones		
Jeannè Scholtz wisseltrofee vir die DF paartjie wat die beste gevaar het in die jaarlikse Interskole Danskompetisie		
Clifford Alberts en Symoné Steyn		
KUNS:		
Meriete	S	Ilse Volmer
SKRYFKUNS:		
Andries Ferreira-beker vir die beste skrywer graad 8 S Lize Marié Coetzee; **graad 9** S Roelien Redelinghuys; **graad 10** S Toshka Barnardo; **graad 11** S Maryna Slabbert; **graad 12** S Joné Smith		

JOERNALISTIEK:		
ATKV-beker vir Joernalistiek		
Liesbet du Toit		
Die beste artikel in die afgelope vier uitgawes		
Lisé Crouse (vir *Spore*)		
Die beste rubriek in die afgelope vier uitgawes		
Carl Barnard en Eduan Troskie (vir *Sportsak*)		
Meriete	S	Nikki de Ridder, Jeanroux Horn, Talana Matthee
Erebord	S	*Malherbiet* Redaksie
Spesiale toekennings vir verdienstelike werk		
Liesbet du Toit (redakteur), Christene du Toit (tegniese versorging), Jeanroux Horn (joernalistiek), Ilse Volmer (funksie-koördinering)		
KOORSANG:		
Erekleure	S	Jolene Davis, Cheswin Lottering, Jancke Muller, Sasha-Lee van Heerden
KABARET:		
Meriete	S	Leigh-Ann Bain, Jessica Barnard, Darné Claassen, Jolene Davis, Nathan Jacobs, Lindy Janse van Rensburg, Zenobia Jentels, Anelisa Mjuleni, Jancke Muller, Alida Senekal, Donique Smit, John-George van Eck, Renate van Rensburg, Zelmarie van Rensburg, Ilse Volmer, Tiani Wilken

3.3 **MATRIEKTOER 2010**

Die nege en twintigste Matriektoer was andermaal ‘n besondere ervaring. Die toergroep het bestaan uit 54 leerders, 2 busbestuurders en 5 opvoeders. Ons het met een groot bus en ‘n skoolbussie getoer. Die toerleiers was Liesbet du Toit en Marius Visser, wat hulle goed van hul taak gekwyt het.Die weer het ons hierdie jaar toegelaat om slegs twee van die drie staproetes te stap: Sterkhorn en Tugela. Die somerreën het gesorg dat ons ‘n bietjie later kon slaap, maar nie Mount Aux Sources kon stap nie.

Verblyf was by die FAK Jeugterrein (naby Winterton) en weer by

Drakensville. Ook hierdie toer was vir die Malherbiete ‘n onvergeetlike ervaring.

Dankie aan die personeel (mevv. Röth, Roets, mej. Carstens en mnr.

O'Connell) vir die opoffering van hul vakansie en die neem van verantwoordelikheid op die toer.

(Mnr. F. Roets)

3.4 **MATRIEKDANS**

Daar is op 23 September 2010 afskeid geneem van 91 matrieks op 'n eg Griekse manier in die Veremarksaal. Die goeie gees onder die leerders het van die aand 'n sukses gemaak.

(Graad 12 Voogonderwysers)

3.5 **NOODHULP**

Die noodhulplede het by ons tuiswedstryde diens gedoen. Hierdie leerders het lang ure, in soms baie slegte weersomstandighede, gewerk.

Ons is trots op hierdie leerders se toegewyde diens. Michelle Slabbert was vir vier jaar betrokke by Noodhulp.

Dankie aan almal wat 'n bydrae gelewer het.

(Mej. E. Jonker)

3.6 **BLOEDSKENK**

Danksy al die Malherbiete S leerders en personeel S wat so getrou hul moue opgerol het, het D.F. Malherbe vanjaar 'n impak op honderde onbekendes se lewens gehad.

Boonop het ons weer vanjaar die trofee verower vir die skool met die beste portuurleiers en die skool wat persentasiegewys die meeste eenhede bloed geskenk het.

Die portuurleiers het weer 'n opleidingsgeleentheid en 'n afsluitingsfunksie, gereël deur die SANBS, bygewoon.

Die portuurleiers verdien beslis 'n pluimpie vir hul organisatoriese vermoëns, toewyding en onbaatsugtige diens.

Die portuurleiers was: Jolene Davis, Mari Grobler, Bianca Liebenberg, Chrisna Krüger, Amoray van Gend, Shanice van Vuuren, Christelene Booysen en Riandri Janse van Rensburg.

(Mej. A. Bosch)

3.8 **SPORT**

3.8.1 **ATLETIEK**

Die kleurebyeenkoms was weer ‘n groot sukses en die leerders het dit baie geniet.

‘n Vergelyking tussen die uitslae van 2007, 2008, 2009 en 2010 sien soos volg daar uit:

KLEUREBYEENKOMS					
	o/19 (Graad 12)	**o/17 (Graad 11)**	**o/16 (Graad 10)**	**o/15 (Graad 9)**	**o/14 (Graad 8)**
2007	vyfde	eerste	tweede	derde	vierde
2008	tweede	eerste	vierde	derde	vyfde
2009	vierde	tweede	eerste	vyfde	derde
2010	vyfde	eerste	vierde	tweede	derde

Uit ‘n analise van bostaande uitslae kan interessante afleidings gemaak word, soos bv. dat vanjaar se matrieks ‘n teleurstellende vyfde plek behaal het nadat hulle verlede jaar tweede was, vanjaar se graad elfs (wat in 2007 in graad 8 was) verbeter het van ‘n vierde na ‘n eerste plek S nogal twee jaar agtereenvolgens. Hulle het ook die geesbeker en aflosbeker gewen. Baie geluk!

Dit lyk vir my asof ons in 2011 vir die eerste keer ‘n o/19 (matriek) groep gaan sien wen. Wys ons!

Daar is drie nuwe kleurebyeenkoms rekords opgestel naamlik: Jamie-Lee Schlemmer verbeter die dogters o/14 1 500 m rekord van 5 min 16,3 sek., wat in 1993 opgestel is, na 4 min. 59,5 sek. asook 1983 se 800 m rekord van 2 min. 37 sek. na 2 min. 33,7 sek. en Aleesha Gerber 2007 se dogters o/17 800 m rekord van 2 min. 28,5 sek. na 2 min. 25,4 sek.

Die jaarlikse Interskole byeenkoms is vanjaar vir die eerste keer in die Baai gehou en is weer deur Nico Malan gewen.

Ons toppresteerders by hierdie byeenkoms was: Junior Victrix Ludorum S Zanri Strydom; Senior Victrix Ludorum S Aleesha Gerber; beste seunsveldatleet (o/17) S Martin Stolk; beste dogtersveldatleet (o/17) S

Darné Claassen; beste seunsveldatleet (o/14) S Damian Sharp; beste dogtersbaanatleet (o/17) S Aleesha Gerber; beste seunsbaanatleet (o/15) S Brian Wolmarans; beste dogtersbaanatleet (o/15) S Zanri Strydom; beste seunsbaanatleet (o/14) S Corné Vermeulen; beste dogtersbaanatleet (o/14) S Jamie-Lee Schlemmer.

Baie geluk aan alle DF wenners. Baie dankie aan alle ander deelnemers. Die gesindheid waarmee julle deelgeneem het word waardeer.

Daar het vanjaar 154 atlete aan die Sone 8 byeenkoms deelgeneem waartydens hulle onder andere 34 eerste, 35 tweede en 30 derde plekke behaal het.

Sewentig van DF se atlete het daarna aan die P.E. Hoërskole kampioen-skappe en 37 aan die Metro Hoërskole kampioenskappe deelgeneem.

Die volgende atlete is vir die Metro span gekies om aan die Oos-Kaap kampioenskappe in Port Elizabeth deel te neem: Aleesha Gerber en Marolene Gouws (dogters o/17), Jamie-Lee Schlemmer (dogters o/15) en Karel Prinsloo (seuns o/15).

Aleesha en Marolene het albei gekwalifiseer om aan die Suid-Afrikaanse Skole byeenkoms sowel as die Suid-Afrikaanse Junior en Jeug byeenkoms te kan deelneem. Aleesha het haar persoonlike beste 400 m tyd van 58,21 sek. by die Suid-Afrikaanse Skole byeenkoms gehardloop en spog ook met ‘n goue medalje wat sy daar gewen het as lid van die Oos-Kaap se onder 19 4 H 400 m aflosspan. Baie geluk nogmaals aan haar. Marolene het ‘n algehele vyfde plek in die 5 000 m stap-item behaal.

By die Suid-Afrikaanse Junior en Jeug byeenkoms behaal Aleesha ‘n algehele agste plek en verwerf weer ‘n goue medalje saam met haar 4 H 400 m aflosmaats. Marolene verbeter een posisie en eindig vierde in die 5 000 m stap-item.

Die beste atletieknuus vanjaar vir DF en Aleesha is dat sy gekies is om Suid-Afrika by die IPC Wêreldspele in Januarie 2011 te gaan verteenwoordig. Aleesha is tans kliphard aan die voorberei vir die geleentheid van ‘n leeftyd en is vasbeslote om ‘n medalje huis toe te bring. Voorspoed Aleesha S Staan Rotsvas!

(Mnr. M. Smith)

3.8.2 **BALDANS**

Die Baldansklub bestaan nou reeds vier jaar en het weer 'n baie suksesvolle jaar gehad, met 'n ledetal van 76 leerders. Veral die graad agts was baie entoesiasties. Meer as 'n kwart van die dansers was vanjaar beginners.

Interskole Kompetisie

Gedurende Mei het die Interskole danskompetisie by Hoërskool Alexander

Road plaasgevind. Tien skole het deelgeneem en die gees onder die leerders was aansteeklik. DF se dansers het ons skool se naam hoog gehou met hul netheid en onberispelike gedrag. In die pre-brons afdeling het drie paartjies na die finale rondte deurgedring en gesorg vir ‘n derde en ‘n vierde plek in die Latyns-Amerikaanse afdeling. Een paartjie in die Brons afdeling het deurgedring na die semi-finaal. DF het 'n algehele vierde plek behaal.

Danseksamen

54 leerders S 20 meer as verlede jaar S het dié jaar die eksamen geslaag. (Sommige leerders verkies om nie die eksamen te doen nie, aangesien dit vrywillig is.) Dit was vanjaar die eerste keer dat 'n groter groep dansers die goue diploma verwerf het. (In 2009 was daar net een.) Hierdie leerders S Janel Coetzee, Nikki de Ridder, Claudia Jones, Martin Stolk en Ilse Volmer S kwalifiseer vir 'n meriete toekenning.

Dansbal

In Oktober is die seisoen afgesluit met ‘n formele dansbal, wat altyd die hoogtepunt van die jaar is. Vir die eerste keer sedert skole-baldans in Port Elizabeth begin is, was dit 'n massabal ter nagedagtenis aan Brenda Sanderson-Smith (stigter van skole-baldans in Port Elizabeth). Dit was 'n spoggeleentheid en die dansers het dit baie geniet om met al die verskillende skole se leerders te sosialiseer.

Dit is nie die gebruik om een leerder uit te sonder nie, maar in dié geval is dit gepas dat ons Corné Labuschagne sukses toewens in sy nuwe skool in Gauteng. Dit is met spyt dat ons van hom moet afskeid neem, aangesien hy die afgelope twee jaar ons top seunsdanser was.

(Mev. A.M.B. Scholtz)

3.8.3 **GHOLF**

Ons kan nog eens terugkyk op ‘n aangename gholfjaar waarin die spelers volgens hul vermoë presteer het en dit geniet het. Al drie spanne in die 1A, 1B en 1C skoleligas het hul goed van hul taak gekwyt en goeie gemiddelde punte teen baie sterk kompetisie behaal.

Graag wil ons geluk sê aan:

X Mieke de Ridder en Stefan Smith, albei in graad 8, wat 'n groot aanwins vir gholf by ons skool is. Mieke is vir die O.P. o/14 span gekies asook as kapteine vir die O.P. se o/18 meisiespan. Dan het sy ook die skool se senior- en juniorkampioenskap verower. Voorwaar prestasies om op trots te wees. Stefan is ook gekies vir die O.P. o/14 span S nog iets waaroor ons opgewonde voel.

X Ruan Prinsloo (kaptein) en Eduan Troskie het meriete vir gholf ontvang vir die speel van tagtig persent eerste span wedstryde die afgelope twee jaar.

Ons moet totsiens sê aan twee matrieks, naamlik Ruan Prinsloo en Raynard van Gend, en dankie sê vir hul bydrae tot DF se gholf.

□n Baie suksesvolle gholfdag is op 6 Maart gehou en sal DV weer op 5 Maart 2011 by *Shark River* Gholfklub plaasvind.

Interskole is deur ons sowel as DF se ondersteuners verloor. Baie dankie aan DF se ondersteuners vir hul ondersteuning.

Groot dank aan:

X *Shark River* Gholfklub vir oefendae, wedstryddae en gholfdag wat vir ons aangebied is;

X Alle borge en ouers vir hul groot ondersteuning tydens die gholfdag asook die puik groep dogters wat gehelp het;

X Ons Hemelse Vader vir bewaring sodat ons altyd veilig tuis kon kom.

(Mnr. T. van Zyl)

3.8.4 **HOKKIE (DOGTERS)**

Wat ‘n besige 2010 seisoen het DF Hokkie gehad om alles ingepas te kry rondom die 2010 Wêreldbeker sokker! Weer eens het DF se hokkiespelers ons nie teleurgestel nie! Ten spyte van baie sterk kompetisie in die Premier-liga het die eerste span baie goeie rekenskap van hulself gegee en deurgaans DF se naam hoog gehou.

Daar is vanjaar vyf spanne in die verskillende ligas ingeskryf; ‘n eerste en tweede span asook twee onder 16 spanne en ‘n onder 14 beginnerspan.

Namens al die spelers en ouers wil ek graag ons dank betuig aan die 2010 afrigters vir hulle entoesiasme, toewyding en wonderlike gesindheid. Ons sou dit nooit sonder julle kon doen nie! Hulle is mejj. C. Killian en E Brits (onderwyseresse) en buite-afrigters mev. R. Scholtz, mejj. Y. du Toit, M. Rademeyer en L. Botha. Nog ‘n groot woord van dank aan mej. C. Rietmuller wat gereeld op Saterdae as skeidsregter opgetree het.

n Baie groot woord van dank aan al die ouers vir julle wonderlike ondersteuning tydens oefeninge en wedstryde. Dankie vir julle ongelooflike positiewe bydrae op alle terreine! DF Hokkie en julle dogters waardeer dit baie.

Dankie aan Moore Stephens vir julle finansiële ondersteuning van die eerste span.

Hiermee die toekennings gemaak vir die 2010 seisoen:

Beste vordering o/14:	Dannika Didloff
Beste vordering o/16:	Natasha Japhta en Zuandré Willemse
Beste vordering o/18:	Marolene Gouws
Beste speler o/14:	Mieke de Ridder
Beste speler o/16:	Simoné Ferreira
Beste speler o/18:	Meake Brown

‘n Nuwe beker, genaamd die Anria Kruger beker vir volharding en sportmangees, is verlede jaar geskenk deur Anria Kruger (kaptein van die eerste span van 2008) en is toegeken aan Welmay Miggels.

Meriete is aan Amari Annandale, Meake Brown, Lizé de Jager en Annika Theron toegeken.

Baie geluk aan al hierdie spelers met hulle onderskeie prestasies.

Die uitslae van die 2010 seisoen:

Span	Liga	Aantal wedstryde	Wen	Verloor	Gelykop
1ste	Premier	13	4	8	1
2de	3de	11	2	8	1
o/16A	o/16 B	8	0	8	0
o/16B	o/16C	9	2	5	2
o/14	o/14Beg.	9	3	2	4

‘n Spesiale woord van dank aan Meake Brown (kaptein) en Lizé de Jager (onderkaptein) wat ons eerste span op ‘n besondere wyse gelei het.

Spelers van 2010, julle bly ons trots!

(Mev. P. Vosloo)

3.8.5 **HOKKIE (SEUNS)**

DF se seuns het weer 'n suksesvolle seisoen op die hokkieveld beleef. Ons eerste span het in die tweede liga meegeding, maar het hulle man ook goed teen die vyf eerste liga spanne gestaan teen wie hulle gedurende die seisoen moes speel. Onder bekwame leiding van die kaptein Brad Dirker het hulle indrukwekkende spel gelewer.Ons o/16 span, wat 'n baie jong span was (agt spelers in graad 8), het getrou hulle kant gebring onder aanvoering van Richan Visser. Dit is duidelik dat daar goeie potensiaal en talent teenwoordig is.

Dankie aan ons bekwame en toegewyde afrigters, Dayne Baurman en Therese Roux, wie se kundigheid ons ook vir volgende seisoen kon behou.

'n Groot dankie aan al ons ouers vir hulle betrokkenheid en ondersteuning. Die groot opkoms tydens ons afsluitingsfunksie is veral vir ons 'n groot bemoediging.

Die uislae van ons eerste span:

Gespeel	Wen	Verloor	Gelykop
13	3	8	2

Die volgende toekennings is tydens die Sportprysuitdeling 2010 gemaak:

Meeste doele aangeteken	S	J.P. Cronje en Riegardt Pienaar
Beste vordering o/16	S	Jan-Stephan Scholtz
Beste vordering eerste span	S	Johan Vivier
Mees belowende speler	S	J.P. Cronje
Beste speler (junior)	S	Louelle Botha
Beste speler (senior)	S	Brad Dirker

(Mev. M. Odendaal)

3.8.6 **KRIEKET (SEUNS)**

Ons het drie spanne ingeskryf vir die 2009/2010 seisoen, naamlik:

eerste span	S	eerste liga
tweede span	S	derde liga
o/14 span	S	o/14B liga

Ons het hierdie seisoen ‘n vol program gehad waar ons in verskeie Pro 20 wedstryde sowel as 50 beurt wedstryde betrokke was en ons baie goeie rekenskap van onsself gegee het met ‘n jong en belowende eerste span.

DF het hierdie jaar weer aan die Despatch Pro 20-toernooi deelgeneem. Dit was die derde keer dat DF aan die toernooi deelgeneem het. Hulle het uitstekend gevaar teen baie sterk kompetisie.

By die Sportprysuitdeling is Werner Bronkhorst as die beste senior bouler en Clinton Wolmarans as die beste senior kolwer aangewys.

Dit was ook ‘n besondere seisoen vir DF se o/14 spannetjie wat slegs een van hul wedstryde verloor het!

Dankie aan die volgende onderwysers wat gehelp het met die krieket afrigting: mnre. Erasmus en Fouché. Ons wil ook baie dankie sê vir Gideon Delport wat die afrigter van DF se eerste span was.

Dankie ook aan alle leerders wat betrokke was as tellinghouers en

bereid was om te help op Saterdae sowel as gedurende die week, mnr. en mev. Van der Merwe wat elke Saterdag die snoepie beman het sowel as al DF se ondersteuners.

(Mnr. D. Bezuidenhout)

3.8.7 **KRIEKET (DOGTERS)**

DF se dogterskrieketspan het ‘n baie suksesvolle jaar beleef deur al hul wedstryde te wen. So het hulle ‘n uitsonderlike prestasie behaal deur vir die afgelope 18 maande onoorwonne te wees! Puik individuele prestasies is gelewer deur Mieke de Ridder wat O.P. in binnenshuise krieket verteenwoordig het. Sy is ook gekies as lid van die O.P. o/18 dogterskrieketspan wat aan die nasionale toernooi gedurende Desember 2010 in Johannesburg gaan deelneem.
Tydens die Sportprysuitdeling is erekleure toegeken aan Mieke de Rider vir binnenshuise krieket. Sy het ook die trofee vir die beste speler ontvang. Meriete is toegeken aan Mariné Claassen, Riandri Janse van Rensburg en Clarissa Marais.

Dankie aan die spelers vir hul toewyding en entoesiasme, aan mnre. Willie Mostert, Hannes Potgieter en die terreinwerkers vir die fasiliteite, Janita Trytsman vir afrigting en mnr. Mike Killian vir hulp as skeidsregter en vir addisionele afrigting. ‘n Spesiale dank aan die ouers en mnr. Bezuidenhout vir hulp en ondersteuning tydens die seisoen.

(Mej. C. Killian)

3.8.8 **LANDLOOP**

Ons landloopatlete het werklik hierdie jaar hul merk op die landloopbaan gemaak. Dit is ook verblydend om te sien dat meer leerders aan hierdie sport kom deelneem.
Die twee spanne ingeskryf in die Corporate Ystermankompetisie het baie goed presteer. Die seunspan, naamlik Marinus Prinsloo en Bennie Bellingan behaal 'n tweede plek in die skole-span afdeling terwyl Jamie-Lee Schlemmer, Zuandré Willemse en Monique Gerber die eerste dogterspan was wat oor die eindstreep was. Hulle was ook derde in die Vroue-afdeling.

'n Meisiespan, bestaande uit Marolene Gouws, Aleesha Gerber, Nikki de Ridder en Meake Brown S later in die seisoen deur Raylene Windvogel vervang S behaal gereeld die tweede/derde plek in die spankompetisie gedurende die Woensdae liga-wedlope.

Aleesha Gerber en Jamie-Lee Schlemmer het deelgeneem aan die O.P.-kampioenskappe en beide is gekies vir die Oos-Kaapkampioenskappe wat in Mount Frere sou plaasvind. Hierdie wedloop is as gevolg van die stakings gekanselleer.

Bogenoemde atlete het ook uitstekende prestasies gedurende die liga-wedlope gelewer en het eerste of tweede geëindig in hul onderskeie afdelings. Behalwe vir die pragtige prestasies wat Jamie-Lee gedurende liga-wedlope behaal het, het sy ook gereeld deelgeneem aan padwedlope waar sy met goeie uitslae ons naam hoog gehou het.

Tydens die jaarlikse Interskole teen Nico Malan wen ons die dogtersafdeling sommer behoorlik terwyl die seuns ongelukkig vir die eerste maal in vier jaar die knie voor Nico Malan moes buig.

Dankie aan die ouers wat die atlete gereeld ondersteun het en hulle by byeenkomste besorg en kom haal het. Ook 'n groot dankie aan ons atlete wat gereeld aan die byeenkomste deelgeneem het. Mag DF landloop nog meer groei in 2011.

(Mej. A. Carstens)

3.8.9 **MUURBAL**

Vanjaar se leerders het pragtig presteer en ‘n hele paar moeilike wedstryde teen groot skole gewen.

Baie dankie aan mnr. Viljoen vir sy lojaliteit en afrigting.

Ons sien met groot verwagting uit na 2011.

(Mej. E. Jonker)

3.8.10**NETBAL**

DF-Netbal het ‘n besige seisoen beleef met goeie uitslae. Ons het afgeskop met die Somerset-Oos toernooi in Maart en daarna die Despatch sportfees waaraan ons eerste span deelgeneem het.

Ons liga-wedstryde het in die tweede kwartaal begin en die volgende uitslae is in 2009 deur ons tien spanne behaal:

	Wedstryde	**Wen**	**Gelykop**	**Verloor**
o/19A	23	12	1	10
o/19B	13	7	1	5
o/19C	8	3	1	4
o/19D	4	3	0	1
o/16A	13	6	1	6
o/16B	13	7	0	6
o/16C	10	4	0	6
o/16D	1	0	1	0
o/14A	12	2	1	9
o/14B	11	6	0	5

Tydens vanjaar se Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak:

Beste vordering o/14 S Jessica Badenhorst
Mees belowende speler o/14 S Dannika Didloff
Beste vordering o/16 S Anchün van Zyl
Mees belowende speler o/16 S Zanri Strydom
Beste vordering senior S Janien Raubenheimer
Beste senior speler S Danica Loock

Meriete is aan Zanri Strydom toegeken.

Baie dankie aan al die ouers wat ons so getrou ondersteun het asook aan ons eerste span borge vir 2010. DF netbal en die speelsters waardeer julle!

Aan ons buite-afrigters: ‘n spesiale dankie vir al julle tyd, opoffering en entoesiasme tydens oefeninge, wedstryde en spanbou-sessies S julle word baie waardeer! Hulle is mevv. E. Fick, J. Sharp, T. Jonker en mejj. Dané

Uys en Zeydene Januarie. ‘n Baie groot dankie aan Sanet Jordaan wat gereeld op Saterdae as skeidsregter opgetree het.

Baie dankie aan Janien Raubenheimer (kaptein) en Kelly Jordaan (onderkaptein) vir hul leiding en die positiewe bydrae wat hul tot die span gelewer het.

Mag ons volgende jaar ‘n baie suksesvolle jaar hê!

(Mev. C. Landman)

3.8.11 **RUGBY**

Vanjaar se rugbyseisoen was baie bedrywig met die seisoen wat al op 13 Maart afgeskop het by Gill-Kollege se Sportfees. Die naweek daarna het ons eerste span met Stirling en Grens van Oos-Londen tydens die jaarlikse Despatch Sportfees kragte gemeet en hul goed van hul taak gekwyt.Die o/15 span het weer ‘n voorseisoense toer na die Suid-Kaap gedurende die Maart/April vakansie onderneem waar hulle aan die Hoërskool Outeniqua op George se Junior Rugbyweek deelgeneem het. Groot skole soos Affies, Paarl Gimnasium, Waterkloof en HTS Middelburg was deel van die rugbyweek en hegte vriendskapsbande is tussen die spelers gesmee. Buiten die rugby het hulle ook die KKNK op Oudtshoorn besoek en Mosselbaai gaan verken.

Die eerste span het tydens die Junie-vakansie aan Cambridge se Sportfees in Oos-Londen deelgeneem waar hulle uitstekend teen skole van ander provinsies gevaar het.

Andries Garcia is aangewys as die beste senior speler en Zhivago Scheepers as beste junior rugbyspeler van die 2010 rugbyseisoen.

Ons dank gaan aan al die buite-afrigters vir opoffering gedurende die jaar: Gerrie Schultz, Divan Grobler, Rikus en Marnus van Eeden, WP Naudé, Bennie Bellingan, Johann Muller en Bertus Meiring.

Baie dankie aan afrigters, vriende van DF en Unie-skeidsregters wat Saterdae ons wedstryde hanteer het. Dankie ook aan die noodhulp leerders wat met toewyding en ywer hulle taak verrig het.

‘n Spesiale woord van dank vir alle borgskappe deur die seisoen.

Ten slotte: baie dankie aan ons ondersteuners, lede van die Ondersteunersklub, oudskoliere, ouers en ander getroues wat Saterdae hand bysit met wat ook al gedoen moet word.

Rugby uitslae 2010

Span	Speel	Wen	Verloor	Gelykop
Eerste	18	5	12	1
Tweede	12	5	7	0
Derde	12	9	2	1
Vierde	5	4	1	0
o/15	18	13	5	0
o/14	13	4	9	0

(Mnr. E. Erasmus)

3.8.12**SKAAK**

Twee spanne het D.F. Malherbe dié jaar in die skaakliga verteenwoordig. Beide spanne het redelik goed gevaar. Die tweede span was 'n jong span gevul met positiewe Graad 8 leerders.

Die volgende toekennings is tydens die Sportprysuitdeling gemaak: die Van der Berg-beker vir die beste vordering in skaak S Ryno van Appel; die Jacques van Wyk skild vir die beste speler S Toshka Barnardo; die Eduard en Ruan Prinsloo wisseltrofee vir meeste wedstryde gespeel S Ruan Prinsloo. Cornelius Greyling, Wynand Malan, Martin Keller en Ruan Prinsloo het meriete ontvang.

Toshka Barnardo was vanjaar ons skaakkampioen. Sy het Suid-Afrika verteenwoordig in Griekeland. Sy ontvang erekleure vir skaak en haar naam sal op die Erebord verskyn.

Graag wil ek alle skaakspelers, ouers en personeel wat betrokke was, bedank.

(Mej. E. Brits)

3.8.13**TENNIS**

D.F. Malherbe se tennisspelers het soos gebruiklik met oorgawe aan vanjaar se winter- en somerligas deelgeneem.Tennis se belangrikste seisoen is in die eerste kwartaal en ons het vier seunspanne en drie dogterspanne ingeskryf. Baie geluk aan die vierde span seuns wat onoorwonne in hulle liga was.

In die winter het twee seunspanne en een dogterspan die skool op die baan verteenwoordig.

Ons eerste spanne het ongelukkig vanjaar teen Nico Malan verloor tydens Interskole: dogters 1 - 5 en seuns 0 - 6.

Tydens die Sportprysuitdeling is die volgende toekennings gemaak: die Hanekom beker vir die seunskampioen S Jon-Marc Pike; die Winnie Walker beker vir die dogterskampioen S Danaé Bouwer.

In die vierde kwartaal het vier seunspanne en twee dogterspanne met gemengde welslae aan die liga deelgeneem.

Baie dankie aan ons eerste span kaptein, Danielé de Klerk, vir vyf jaar se getroue en entoesiastiese deelname aan DF se tennis, asook aan Tanielle Crouse vir haar bydrae tot die eerste span vanjaar. Baie dankie ook aan mev. De Klerk vir borgskappe oor die jare.

Laastens, baie dankie aan alle personeel en ouers wat betrokke was!

(Mej. M. Scholtz)

***J**ou werk sal wag*
terwyl jy vir jou kind
die reënboog wys,
maar die reënboog sal nie wag
totdat jou werk klaar is nie.

S Patricia Clafford

3.9 **O.P. VERTEENWOORDIGERS 2010**

Atletiek	:	Oos-Kaap: Aleesha Gerber, Marolene Gouws, Karel Prinsloo
Branderry	:	Carl Barnard (beide “long board” en “short board”)
Dans	:	Corné Delport
Debat	:	Lize Marié Coetzee, Mercy Kannemeyer, Klara Lategan
Duathlon	:	Monique Gerber
Fietsry	:	Monique Gerber (pad en baan; ook **S.A.**), Karel Prinsloo (pad), Marinus Prinsloo (pad en baan)
Gholf	:	Mieke de Ridder, Stefan Smith
Hengel	:	Colleen Ellis, Kristen Ellis
Jukskei	:	Shanice van Vuuren
Karate	:	Jannie Joubert (ook **S.A.**), Marizanne Joubert (ook **S.A**.), Danica Loock
Koor	:	Oos-Kaapse Kinderkoor: Cheswin Lottering Oos-Kaapse Jeugkoor: Jolene Davis, Jancke Muller, Sasha-Lee van Heerden
Krieket	:	Dogters: Mieke de Ridder Binnenshuis: Mieke de Ridder
Modelwerk	:	Chanté Bellingan, Suné Serfontein
Redenaars	:	Mercy Kannemeyer
Rugby	:	Ryno Meiring (o/19)
Seiljag	:	Eben Vivier, Johan Vivier
Skaak	:	Toshka Barnardo (ook **S.A.**), Ryno van Appel, Christiaan Malan
Swem	:	Jamie-Lee Schlemmer (ook “open water”)
Tennis	:	Danaé Bouwer
Tweekamp	:	Jamie-Lee Schlemmer

3.10 **ANDER PRESTASIES**

Die volgende leerders het vanjaar ook ons skool se naam hoog gehou:

3.10.1 **Jeugleierskonferensie**: Janien Raubenheimer is gekies as een van die slegs 50 leerders uit Oos-, Wes-, en Noord-Kaap om *Die Burger* se Jeugleierskonferensie by te woon. Dis ‘n pragtige prestasie waarop almal baie trots kan wees.

3.10.2 **Skaak**: Toshka Barnardo het aan die S.A. Junior Skaakkampioenskap deelgeneem. Tydens die spankompetisie het sy 5 uit 5 wedstryde gewen. Met die individuele kompetisie het sy in die ouderdomsgroep 16 - 20 gespeel en drie gewen, drie gelykop en twee verloor (o/18 en o/20 kampioene). Sy het die algehele sesde plek behaal met ‘n totaal van 5,5 punte (die wenner het 6 punte gehad). Sy is gevolglik uitgenooi om aan die S.A. Junior Geslote Kampioenskap in Pretoria deel te neem. Hier het sy nege wedstryde in die o/16 groep gespeel, waarvan sy vier gewen, vier gelykop gespeel en een verloor het. Sy het ‘n totaal van ses uit nege gehad, wat haar ‘n algehele derde plek besorg het. Hierdie prestasie het verseker dat sy as o/16 speler in die S.A. span opgeneem is na die Wêreld Jeug Kampioenskap in Oktober in Griekeland. Sy het as gevolg hiervan volle S.A. Kleure ontvang. Sy is ook verder verwittig dat sy as amptelike reserwe opgeneem is vir die o/20 span, vir deelname aan die Afrikaspele in Libië.

3.10.3 **Gholf**: Mieke de Ridder het deur die jaar talle mooi prestasies behaal. So bv. het sy by die S.A. o/18 dogters Rose Bowl kampioenskappe gesamentlik tweede in die B-afdeling ("Stroke play" oor 54 gate) geëindig, by die Fish River Junior Ope vierde in die B-afdeling (meisies en seuns saam) geëindig ("Stroke play" oor 54 gate). In die volgende toernooie het seuns en dogters saam deelgeneem: Fredd Bell Trofee by Humewood S gesamentlik tweede. *Glacier* Ope by PE Gholf Klub S sesde S behaal ook 'n kolhou. Verteenwoordig O.P. o/18 dogterspan by Interprovinsiale toernooi in Aliwal-Noord S O.P. span verower goud. By die Katberg-toernooi, waar sy die O.P. verteenwoordig het, eindig sy tweede.

3.10.4 **Netbal**: Ilse Volmer slaag haar netbal skeidsregterkursus met 94 %.

3.10.5 **Binnenshuise krieket**: Mieke de Ridder het O.P. kleure vir binnenshuise krieket verwerf deur vir die O.P. o/15 span gekies te word vir die jaarlikse S.A. Nasionale Kampioenskap. Mieke was die enigste meisie in die o/15 span. Die o/15 O.P. span het uitstekend gevaar deur die toernooi onoorwonne af te sluit en is in die finaal beloon met die goue medalje. Ná afloop van die toernooi is 'n o/11, o/13, o/15 en o/18 S.A. span gekies en is Mieke in die o/15 groep opgeneem S weer eens die enigste meisie.

3.10.6 **Tweekamp**: Jamie-Lee Schlemmer, wat nog o/14 is, eindig tweede onder die o/15s in 'n tussen-provinsiale byeenkoms in Oudtshoorn. Sy is die Oos-Kaapse o/15 kampioen, en het die vierde plek behaal by die S.A. kampioenskappe. Sy het ook in 'n interprovinsiale byeenkoms die o/15 afdeling gewen.

3.10.7 **Fietsry**: Marinus Prinsloo het vanjaar talle pragtige prestasies behaal. In die Herald-toer (105 km) het hy 63ste uit die 1 116 ryers geëindig, en hy was twaalfde in die Junior afdeling by die S.A. Padfiets-kampioenskappe in Klerksdorp. In die Engen Dynamic wedren (100 km) eindig hy derde in die Junior Afdeling. By die O.P. kampioenskap in die Junior Afdeling wen hy goud in die tydtoets en silwer in die "Hill Climb" en in die padwedren. Verder het hy in die Winter Liga reeks as lid van die NMMU-span deelgeneem, en die span het in die algehele eerste plek geëindig. Marinus het 'n gesamentlike tweede posisie op die punte-tabel in

die premier liga afdeling behaal. Op die baan het hy by die O.P. kampioenskappe ag goue en een silwer medalje gewen.

Monique Gerber het ‘n skitter-jaar beleef. In die Herald-toer was sy (o/14) slegs vier minute ná die o/16 seuns-wenner. Sy het die S.A. kampioenskappe in Klerksdorp gewen, en die S.A. trui verower. Sy is genooi om in die Argus-toer saam met die professionele dames weg te spring. Sy eindig toe 38ste uit die 5 470 dames. By die O.P. kampioenskap (Junior afdeling) wen sy beide die Tydtoets en die Padwedren. In die O.P. Baan-kampioenskappe het sy goud in al haar items gewen, asook ‘n S.A. rekord in die o/16 2 000 meter opgestel. By die S.A. kampioenskappe wen sy ses titels, twee in S.A. rekord-tye. Sy ontvang ook Springbok-kleure.

3.10.8 **Swem**: Jamie-Lee Schlemmer het aan die S.A. kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem. Sy het soos volg presteer: dogter o/14 wisselslag S negende, 800 m vryslag S derde, en in die 50 m rugslag het sy haar persoonlike beste tyd behaal. Sy het ‘n goue medalje gewen tydens die Oop Water Swemkampioenskap in Durban.

3.10.9 **Duathlon**: Monique Gerber wen die O.P. titel (dames) in hierdie veeleisende sport (hardloop/fietsry/hardloop).

3.10.10 **Biathlon**: Jamie-Lee Schlemmer verwerf goud by die S.A. byeenkoms (hardloop/swem/hardloop).

3.10.11 **Amateur-stoei**: Jean-Martin Ras het tweede gekom in sy gewig-afdeling in die president o/17-afdeling, en Chris Curtain tweede in sy afdeling in die president o/17-afdeling en tweede in die senior, o/20-afdeling.

3.10.12 **Hengel**: Dannika Didloff het aan die O.P. ligtegerei-boothengel se “Bay”-liga deelgeneem. In beide ligas het sy tweede geëindig vir o/16 (enigste meisie). Sy het ook aan ‘n liga deelgeneem en die enigste eetbare vis, ‘n kabeljou van 24,25 kg, uitgetrek. Sy het die O.P. rekord vir juniors verbeter deur ‘n blou pylstert van 17 kg te vang en lewendig vry te laat. Tydens die *PE Deepsea Angling Club* se Super 6 kompetisie het sy die vierde en vyfde liga gewen as junior en dameshengelaar. Sy het toe in aanmerking vir O.P. Diepsee hengel gekom.

3.10.13 **Karate**: Danica Loock het aan die *Dragon Suburbs* deelgeneem en ontvang ‘n brons medalje in die Kumite-afdeling en silwer in die Kata-afdeling. Marizanne Joubert het die Nidan gradering geslaag (tweede dan swart belt). Jannie en Marizanne Joubert het aan die *Mance Karate Extravaganza* deelgeneem. Beide behaal goud in die Kumite-afdeling. Jannie het ‘n brons medalje ontvang toe hy S.A. in Berlyn verteenwoordig het. Jannie en Marizanne het as lede van die Despatch SA JKA Karate Klub aan die Despatch karate Klubkompetisie deelgeneem. Jannie behaal silwer in Kumite en Marizanne ontvang goud in biede Kata en Kumite.

3.10.14 **Sang**: Darné Claassen het aan die *St Dominic's Priory* Sangkompetisie, *Strictly Come Singing*, deelgeneem en die solo sang kategorie gewen. Sy het onder andere ‘n kontrak by De La Rey opname ateljee gewen, asook ‘n fotosessie en sanglesse by Ulagh Williams.

3.10.15 **Mej. Tiener SA**: Mari-Lu van Vuuren en Suné Serfontein is as finaliste aangewys in genoemde kompetisie.

3.10.16 **Mnr. en Mej. P.E. Hoërskole-kompetisie**: Darné Claassen was tweede en Aleesha Gerber is as mej. Hoërskole gekroon. Amari Annandale is aangewys as die beste aanbieder.

3.10.17 **Uitvoerende kunste**: Corné Delport het gekwalifiseer as 'n finalis vir die S.A. Kampioenskap en het 'n silwer medalje ontvang. Udo Wagener het ook as ‘n finalis vir die S.A. Kampioenskap gekwalifiseer.

3.10.18 **Modelwerk**: Tanya Strydom het aan die *Model Cup* deelgeneem en in ses afdelings goue medaljes ontvang.

Mari-Lu van Vuuren het aan die NMC in Pretoria deelgeneem. Sy het agste uit sestig deelnemers geëindig en is ook deur 'n internasionale fotograaf raakgesien. Sy was een van twintig uit die 400 deelnemers wat deurgedring het na die “callback” rondte.

Tydens die Nasionale Modelbyeenkoms in Gauteng het Chanté Bellingan onder die Top 20 in 6 afdelings gekwalifiseer en Suné Serfontein onder die Top 10 in 5 afdelings.

3.10.19 **Tekenkuns**: Die volgende leerders het aan die Despatch Kunstefees deelgeneem: Charl Coetzee S goue sertifikaat vir tekenkuns o/16; Luané Buys S silwer sertifikaat vir tekenkuns o/16; Judith van Eeden S goue sertifikaat vir tekenkuns o/14; Lize Marié Coetzee, Amaryne Buys en Danaé Bouwer S goue sertifikate vir grafiese kuns o/14.

3.10.20 ***Reach for a Dream***: Suné Serfontein en Chanté Bellingan reik uit na Divan Serfontein ('n gestremde seuntjie). Hulle het saam met hom na Pretoria gevlieg waar hulle onder andere 'n mej. Suid-Afrika Werkswinkel bygewoon het.

3.10.21: **NACCW**: George Booysen het aan 'n kompetisie van die *National Assosiation of Child Care Workers* deelgeneem en is genomineer om 'n werkswinkel in Kaapstad by te woon. Die werkswinkel sluit onderwerpe soos Opvoeding, Indiensneming, Gesondheid en Misdaad in.

4. FINANSIES

ONTVANGSTE	
Skoolgeld	R2 496 619
Ander Inkomste	1 029 381
TOTAAL	**R3 526 000**
BETALINGS	
Alarm	9 379
Assuransie	58 722
Fotostaatmasjien	152 891
Brandstof en reparasies (voertuie)	69 906
Munisipale dienste	87 920
Administratiewe koste:	
Telefoon	107 487
Skryfbehoeftes (kantoor)	110 586
Instandhouding	428 332
Prysuitdeling	29 263
Skryfbehoeftes (leerders)	4 200
Advertensies	23 366
Bankkoste & Ouditgelde	58 224
Posgeld	7 110
Toiletbenodigdhede - skoonmaak	66 236
Vakuitgawes	115 611
Salarisse	1 118 324
Kapitaal Fondse (o.a. VCSV, Toerfonds, Malherhiet ens.)	34 742
Rekonstruksie en Ontwikkeling	13 332
Lening	175 109
TOTAAL	**R2 670 740**

5. IN MEMORIAM

Lede van ons DF familie wat vanjaar nabye familie-lede aan die dood afgestaan het, was:

Siyabonga Johannes:	suster
Karien Knoetze:	vader
Rozaan van Winkel:	vader
Gayline Carolus:	vader
Elwisline Joubert:	moeder
Mnr. D. Fouché:	skoonmoeder

6. ALGEMEEN

6.1 GEBEDSGROEP

Hierdie groepie ma's kom steeds Donderdagoggende bymekaar om vir die skool met al sy mense en bedrywighede te bid. Sake vir voorbidding word deur die personeel aan hulle deurgegee. Daar bestaan sterk getuienis van gebedsverhoring. Enige ouer is welkom om aan te sluit en só van hierdie baie kosbare geleentheid gebruik te maak om u rol te vervul.

6.2 D.F. MALHERBE GEDENKWEEK

Die Gedenkweek het gedurende 10 - 14 Mei 2010 plaasgevind. *Die Skouspel: Die Vlug* is op 11 en 12 Mei 2010 aangebied. Die groep leerders het die gehoor op hulle voete gehad met die uiters suksesvolle produksie.Die bekende professor Willie Esterhuyse, voormalige professor in Filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch, het as spreker by die D.F. Malherbe Gedenklesing op Donderdag 13 Mei opgetree. Hy het die gehoor geboei met sy toespraak oor *Mense van waarde*. By dié geleentheid is 'n eretoekenning oorhandig aan meneer Henry Gerber. Hy was van 1966 tot 1970 hier op skool. Tans is hy 'n kernveiligheid-spesialis by die Nasionale Kernreguleerder en geniet hy internasionale erkenning vir sy werk.

Laerskool Arcadia en Laerskool Mount Pleasant se kore het tydens dié geleentheid opgetree. Andriëtte Norman het as gaskunstenaar opgetree by die kabaretvertoning op Vrydagaand 14 Mei.

(Mev. M. Röth)

6.3 **DIETER SCHOLTZ BEURSSKEMA**

Die twaalf leerders wat aan die begin van 2009 hul hoërskoolloopbane onder die vaandel van die Dieter Scholtz Beursskema by DF begin het, het goed aangepas en het baie gou ware Malherbiete geword.

Baie dankie aan al ons donateurs, oud-ouers, oud-leerders, vriende van die skool en ondersteuners uit Duitsland wat hierdie beursskema suksesvol ondersteun. Sonder die ondersteuning van hierdie donateurs sou dié beursskema nie moontlik gewees het nie.

(Mnr. A. van Wyk)

6.4 **LEES- EN SYFERVAARDIGHEDE**

Die feit dat hoërskool-leerders in Suid-Afrika se lees- en syfervaardighede groot gebreke toon, is herhaaldelik deur navorsing (nasionaal sowel as internasionaal) aan die kaak gestel. Mediaberigte en onderwys- en universiteitsowerhede onderstreep ook gereeld hierdie gebrekkige vaardighede.

Teen bostaande agtergrond het D.F. Malherbe die voortou in die Oos-Kaap geneem deur 'n leeslaboratorium vir graad 8 - 9 te begin. 'n Opgeleide remediërende onderwyseres is in 2010 aangestel om twee periodes in 'n 10 dag-siklus leerders se leesvaardighede op te skerp en te verbeter. Die personeel bied self die syfervaardigheidskursus aan.

'n Internasionaalbekende leesdeskundige van Stellenbosch het ook 'n kursus in die identifisering van leerders met leesprobleme vir die personeel aangebied.

Ons vertrou dat hierdie ingryping oor tyd tot die voordeel van die leerders sal wees en dat akademiese vordering getoon sal word.

(Mnr. A. van Wyk)

6.5 **STUDIEHULPKLASSE**

Die afgelope jaar is studiehulpklasse op Dinsdae, Woensdae en Donderdae aangebied vir enige leerder wat hulp wou hê met vakke. Onder leiding van die toesighoudende onderwyser het top-leerders in al die vakgebiede hulself beskikbaar gestel om mede-leerders behulpsaam te wees.

Baie dankie aan al die leerders wat met hierdie diens gehelp het en veral dankie aan die paar leerders wat dwarsdeur die jaar volgehou het om weekliks hulle mede-leerders by te staan.

(Mev. M. Röth)

6.6 **DUITSE UITRUIL-SKEMA**

Ons was bevoorreg om die afgelope jaar vir Irina Wetteborn as Duitse uitruilstudent by ons te hê. Trudie Fox het op haar beurt in die derde en vierde kwartale in Duitsland skoolgegaan. Hierdie besoeke word gereël deur *Youth for Understanding*.

6.7 **HERWINNINGSPROJEK**

Daar is dié jaar begin met 'n herwinningsprojek by die skool. Sommige leerders, onderwysers en ouers het dit baie goed ondersteun en sodoende nie net van die speelterrein en klaskamers 'n skoner plek gemaak nie, maar ook gesorg vir 'n ekstra inkomstetjie vir die skool. 'n Weldoener, wat so 'n soort onderneming het, het vir ons 10 groot dromme met wieletjies geskenk en dit maak die insameling van herbruikbare plastiek, blik en papier baie makliker.

Hierdie projek is nog in sy kinderskoene, maar ons het reeds die bedrag van R153,56 ingesamel! (Ná 'n paar weke se bymekaarmaak)

Deur te herwin dra ons skool ook sy beskeie deel by om die aarde 'n skoner en beter plek te maak en boonop verklein ons ons ekologiese voetspoor! Ons kan maar net hoop dat ons in die toekoms honderd persent ondersteuning van leerders, onderwysers en ouers sal ontvang.

(Mev. A.M.B. Scholtz)

7. □N DRINGENDE VERSOEK

Soos elke jaar wil ek graag hier vir ons ouers vra om asseblief vir DF (leerders, personeel, Beheerliggaam en ouers) in u gebede te dra S ons het u voorbidding steeds baie nodig. Die feit dat hierdie versoek jaarliks herhaal word, maak dit nie minder dringend nie S inteendeel, dit word myns insiens al hoe BELANGRIKER: Sal u as ouers en ander lesers asseblief vir DF in u gebede bly dra?

8. TEN SLOTTE

Ek wil baie graag dankie sê aan

- X ons onderwyspersoneel vir jule toewyding, asook aan julle gades vir hul ondersteuning;
- X ons leerders, die Malherbiete, vir alles wat julle doen om ons naam hoog te hou en om ons te laat moed hou;
- X die Beheerliggaam en lede van komitees vir harde werk, toewyding en ondersteuning;
- X ons sport-organiseerder, bemarker en media-konsultant vir julle groot bydrae;
- X so ‘n groot aantal ouers vir julle lojaliteit en alles wat julle vir DF doen S julle betrokkenheid (deur o.a. die DFMOK en OOV), hulp met toesig, sport-afrigting, vervoer, ens., ens., asook julle voorbidding bly vir ons ‘n riem onder die hart;
- X ons administratiewe personeel vir volgehoue vriendelikheid en begrip;
- X ons terrein-personeel en voorman vir julle harde werk;
- X donateurs, weldoeners, adverteerders en borge uit sake-, kerklike, oudleerder- en ouer-geledere (o.a. wil ek ook weer graag die “voogde” van die Dieter Scholtz leerders noem);
- X ons Onderwys-Ontwikkelingsbeampte, mnr. Kala;
- X die personeel van die Distrikskantoor;
- X die LUR van Oos-Kaapland, mnr. Qwase;

X ons getroue en genadige Hemelse Vader, aangesien dit ook die afgelope jaar ons ervaring was dat

> **“ *. . . die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie.*”**
>
> Deut. 31 : 6

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

1 DESEMBER 2010

Teachers who inspire
know that teaching is
like cultivating a garden,
and those who would have nothing to do with thorns
must never attempt to gather flowers.

S Onbekend